CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS

CLF Nuus News

The Message of the Bible to all through free and affordable literature in everyone's language

Privaatsak X19 Wellington 7654 • 021 873 6964 • info@clf.co.za • www.clf.co.za 1/2020

R299*

Strategic partnership with

Christian Literature Fund (CLF) was founded in 1957 by a group of missionaries and distributes Christian reading material among the different language and cultural groups of Southern Africa. Apart from the variety of free Christian pamphlets, CLF stocks a wide selection of Christian books with a focus on God's mission in the world, as well as material for use by churches in Africa.

Van Schaik Bookstore has a proud heritage as one of the oldest bookstores in Southern Africa and reached their 100-year milestone in 2014. It is arguably Southern Africa's leading academic bookstore chain with more than 70 stores located in South Africa, Botswana, Swaziland and Namibia.

CLF's ministry relies on partnerships through which they aim to play a supportive role in churches and their activities.

This partnership kicks off with dedicated shelf space for CLF in 24 of Van Schaik's bookstores and will include CLF publications in all categories. Furthermore, CLF's pamphlets on social issues will be freely available to the public.

VAN SCHAIK

By utilising Van Schaik Bookstore's footprint, CLF will be closer to their target audiences, using the outlets country wide to serve Christian readers.

This strategic partnership will be beneficial to both parties in terms of audience reach, respective markets and boasting a wider product range.

CLF also takes comfort from the fact that Van Schaik Bookstore represents a highly respected company with acceptable business ethics and morals.

The official partnership between CLF and Van Schaik Bookstore comes into effect on 1 March 2020.

Bybelprojek vanjaar 10 jaar oud!

CLF se droom om aan een miljoen kinders een miljoen Bybels te gee, het in Augustus 2010 begin. Vandag het die Bybelprojek al meer as 101 000 kinders met hulle eie Storieboekbybel geseën.

Ons vier dus in Augustus 2020 die projek se 10de verjaarsdag! CLF se 13-jarige ambassadeur, Shania-Lee, beplan ook om hierdie geleentheid saam met ons te geniet!

Ons wil elke donateur bedank vir julle finansiële ondersteuning en gebede – julle maak dit vir ons moontlik om kinders van Jesus en sy woord te leer!

Die Bybelprojek-blikkie het groot belangstelling gelok en kinders, Sondagskoolklassies en kleuterskole asook ander belangstellendes het blikkies bestel om met kleingeld vol te maak, in ruil vir 'n Kinderbybel.

R75
AFR & ENG

R75
AFR & ENG



R55
AFR & ENG

R70
AFR, ENG, SOT, XHO, ZUL, TSW, PEDI

R35
AFR, ENG, SOT, XHO, ZUL

Bybels vir kinders van alle ouderdomme!

R75 per stel
AFR, ENG, SOT, XHO, ZUL

Koop enige van die Bybels hier bo en kry *Maria en Braam* (beskikbaar in 5 tale) vir slegs R55. (Normaalweg R121.50) Posgeld uitgesluit.

www.clf.co.za • order@clf.co.za • 021 873 6964

Indien u die Een miljoen Bybels projek wil ondersteun, kontak CLF by 021 873 6964 of stuur 'n e-pos na info@clf.co.za
Ondersteun Shania-Lee deur haar skarefinansieringsveldtog –
https://gogetfunding.com/help-shania-lee-bless-children-with-bibles/

Boodskap van die voorsitter



Hier staan ons alweer amper kwartpad in ’n nuwe jaar! Hoe sing ons altyd met die middernagdiens op 31 Desember? *“Ure, dae, maande, jare gaan soos skadu’s stil verby. Niks wat met die gang van jare, onveranderlik hier bly.”*

So is dit ook met CLF gesteld. Dinge in ons eksterne en interne omgewing verander voortdurend en ons moet dienooreenkomstig aanpas om relevant te bly sodat ons steeds ’n wesentlike bydrae kan lewer om die koninkryk van God te laat kom in mense se harte, gesindhede, gewoontes, lewenswyse, omstandighede en ewige eindbestemming. Al wat ewig onveranderlik vasstaan is die belydenis “Jesus is die Here”.

CLF se beheerraad en senior personeel het die afgelope jaar baie dringend aandag gegee aan organisasievernuwing en strategieë en meer effektiewe werksmetodes is ontwerp en in werking gestel. Daar is indringend gekyk na die doeltreffende aanwending van ons hulpbronne: personeel, toerusting, inligtingstelsel, fasiliteite, fondse en donateursbasis. Met ingang Maart 2020 word ons nuwe strategiese plan volskaals in werking gestel en ons is opgewonde om die uitkomste daarvan te beleef. Die beheerraad het in die proses weer bewus geword van die uiters kundige, professionele en toegewyde personeel wat ons bevoorreg is om te hê.

Ons het ook ernstig aandag gegee aan ons verhouding met kerke en geloofsgemeenskappe. Hulle is hulpbronne, diensleweringsafsetpunte en voertuie om CLF en sy boodskap in die kerk en samelewing uit te dra. Ons is baie dankbaar vir die vaste staanplek wat die Algemene Sinode van die NG Kerk uiteindelik vir CLF gegee het. Die verhouding met die VGK is uitstekend en gaan steeds van krag tot krag en ons sien uit om hulle nuwe verteenwoordigers op die beheerraad te verwelkom. Die RCA en NGKA is waardevolle en onontbeerlike vennote en dit is ’n voorreg om saam met hulle op CLF se beheerraad te wees. Op ’n manier het CLF ook ’n baken van hoop geword van hoe dit kan wees as die Kerk van Christus één is.

Die lekkerste van alles is die vordering wat gemaak word met die afsetpunte vir ons produkte. Baie gemeentes, individue en gemeenskapsorganisasies gebruik ons produkte. Daar is ’n suksesvolle boekwinkel in Bloemfontein en nog word beplan. Daar gaan in elke Van Schaik boekwinkel nou permanente rakspasie wees vir CLF-produkte sodat dit ook toeganklik kan wees vir die breë publiek.

Ons is hartseer om afskeid te neem van Amanda Carstens (Produksiebestuurder) na bykans 15 jaar en Danny Fourie wat vir langer as drie dekades in een of ander hoedanigheid ’n belang by CLF het, tot onlangs as redakteur.

Dr Gideon van der Watt is terug. Hy is ’n lewenslange vriend, beheerraadslid en deeltydse personeellid en bring sy talente, kundigheid en netwerk van rolspelers na CLF as deeltydse redakteur.

Baie dankie vir elkeen wat hier lees se voorbidding en bydraes en dat u deel geword het van CLF se visie en om die volhoubaarheid van hierdie dienswerk te bevorder.

Ds Willem Botha

Fondse, fondse en nog fondse

U ken CLF en ons missie om die Boodskap van die Bybel gratis en bekostigbaar na ander taal en kultuurgroepe te neem. Getroue donateurs ondersteun ons reeds 63!

Maar, ken u kinders en kleinkinders ons? Die mees blywende geskenk wat u ooit kan gee, is die boodskap van die ewige lewe, die geskenk van Jesus Christus.

Ons lewe in 'n uitdagende tyd, met 'n sukkelende ekonomie wat ons elkeen se sak direk raak.

CLF glo egter dat die Here ons steeds wil gebruik om daagliks mense se lewens na Hom te lei, om sy liggaam, die kerk, te ondersteun met geestelike literatuur en om kinders van Jesus en sy liefde te leer.

Vertel u familie en vriende van CLF en moedig hulle aan om CLF te ondersteun op een van die vele maniere wat op ons webwerf verduidelik word.

Besoek ons donasieblad en maak vandag nog 'n verskil!
https://clf.co.za/donations/

CLF is ook op skarefinansieringsplatforms (GoGetFunding en Backa-Buddy) waardeur mense ons kan ondersteun, ongeag waar hulle woon.
https://gogetfunding.com/the-unusual-missionary/

Pamflette verander lewens

Oor die jare heen het CLF al vele getuienisse ontvang van mense wie se lewens deur CLF se pamfletbediening aangeraak is. Dit is vir ons baie spesiaal om te weet dat ons besig is met koninkrykswerk wat waarde tot mense se lewe toevoeg.
Elke pamflet word deur 'n kundige geskryf en word gefundeer met die Boodskap van die Bybel.

Onlangs ontvang ons 'n brief van 'n man wat tans gevangenisstraf uitdien.

"I just want to say that Delmarie and Tinus, as well as the authors of Forgiveness and Human Dignity – a Biblical term? took my breath away with the information and how they bring to light the Word of God. It is beyond awesome. It was a real pleasure to read it over and over again and to share it with joy with other inmates."

Hierdie is weer vir ons 'n getuienis hoe God ons ongewone papiersendelinge gebruik om op sy tyd mense se harte aan te raak, hulle van hul sondige lewe te bekeer en na Hom, die almagtige Verlosser te draai.

Ds Chris Saayman van die NG Kerk Tafelberg en sy bedieningspan gebruik ook weekliks CLF se gratis evangelisasie pamflette tydens hulle straatprediking waar hulle dit aan mense uitdeel.

Mag CLF se gratis pamflette ook jou lewe aanraak of deur jou hande iemand bereik en lewens vir die Here verander. Die verskeidenheid temas raak regtig vele lewensaspekte aan en is bruikbaar op baie vlakke van die samelewing.

Brûe vir gemeentes op pad na God se toekoms – 'n Gidsboek vir die Brugbediening

Die oorgangsituasie, waar 'n predikant die gemeente verlaat, bied 'n wonderlike geleentheid vir nadenke en nuwe energie. As hierdie geleentheid kundig benut kan word, maak dit mooi moontlikhede oop vir die gemeente se voortgaande koninkrykswerk en ruimte vir heroriëntering ten einde ook te vra na die bestaansdoel van die gemeente.

Brûe vir gemeentes op pad na God se toekoms is 'n tydige en praktiese gidsboek vir gemeentes wat voor 'n oorgangstyd staan of reeds 'n oorgang beleef.

CLF op die luggolwe

Vanjaar gaan CLF daagliks op die digitale- en luggolwe van Radio Tygerberg 104FM wees as deel van dié radiostasie se program 'Dagstukkie met …'

Loer gerus op hulle Facebook sowel as die webtuiste (/www.104fm.co.za/) onder 'Blogs' vir die daaglikse #DagstukkieMetCLF uit die boek *Saai die goeie saad*.

Die dagstukkies word ook op weeksdae as oordenking vir die dag tussen 05:00 en 06:00 op die *Nuwe môre* program met Gerald Petersen gedeel.

Verder gaan CLF hierdie jaar deel wees van twee programme op Radio Kaapse Kansel en Radio Kansel. Maandeliks kry CLF en/of ons vennote onderhoudgeleenthede op hul nasionale program LEEF! met Wanda Bam en/of tydens die Xhosa program.

CLF gaan ook vir 12 maande op die Oos-Kaapse gemeenskapsradio, PEFM 87.6 blootstelling geniet, met onderhoudgeleenthede elke alternatiewe maand.

Volg CLF op sosiale media en skakel in op die luggolwe om meer oor CLF, ons bediening en strategiese vennootskappe te leer!

104 FM
CHRISTIAN LITERATURE FUND
CHRISTELIKE LEKTUURFONDS
dagstukkies met CLF
Daagliks by www.tygerberg104fm.co.za/blog

PEFM 87.6
729AM RADIO KAAPSE KANSEL